# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 | Nommer 24 | 21 Junie 2026


## Predikant



Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775




## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS SONDAG 21 JUNIE – Dr De Wet Saaiman



**Skrifgedeeltes:** 1 Samuel 1
**Teksverse:** 1 Samuel 1:19c
**Tema:** Doop: Die HERE vergeet nie dié wat Hom aanroep nie!

1 Samuel 1 wys hoe God sy volk nie vergeet nie, selfs in tye van geestelike verval en persoonlike swaarkry. Hanna, wat kinderloos en diep bedroef was, het haar nood nie in bitterheid omskep nie, maar haar hart in gebed voor die HERE uitgestort. In ’n tyd toe Israel God se koningskap grootliks verwerp het, het sy die HERE as Koning erken en gebid dat Sy wil sigbaar word. Die HERE het aan haar gedink, haar gebed verhoor en Samuel gegee wat later ’n belangrike rol in God se verlossingsplan sou speel. Die boodskap is dat God steeds sy kinders hoor, aan hulle dink en deur sy genade werk. Daarom moet ons in afhanklikheid bid en ons lewens aan sy diens wy. In die Woordverkondiging let ons op:

1. ’n VOLK wat sy Koning vergeet het
2. ’n VROU wat haar Koning aangeroep het
3. ’n KONING wat sy volk nie vergeet nie

## BYBELSKOOL SONDAG – Dr De Wet Saaiman

**Tema:** Die Bybel - Klein Profete: Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi
Die boeke Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi wys God se hart vir sy volk deur oordeel, herstel en hoop. Sefanja beklemtoon dat God se oordeel nie vernietiging as einddoel het nie, maar reiniging en herstel vir die getroue oorblyfsel. Haggai roep die volk op om God eerste te stel en getrou te wees in hulle diens, want gehoorsaamheid bring seën. Sagaria herinner die volk dat God steeds besig is om sy planne uit te voer en dat die beloofde Messias en Koninkryk sal kom. Maleagi konfronteer die volk se geestelike onverskilligheid en roep hulle terug na ware aanbidding en verbondstrou. Saam verkondig hierdie profete dat God regverdig én liefdevol is, en dat ware hoop gevind word in bekering, gehoorsaamheid en vertroue op God se komende Koninkryk.

## SONDAG 21 JUNIE 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Thusofonds en na die aanddiens vir die Kerkkas.

Die tweede kollekte 28 Junie is na die oggenddiens vir die Emeritaatsversorgingtrust.

**09:00 Oggenddiens: Dr De Wet Saaiman**
- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Charlotte van Wyk
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Elsabé Joubert
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 21 – Oudl. Pieter Venter
- Diakonale Diensbeurt: Groep 2
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Hanri vd Merwe
- Katkisasie Les 15

**18:00 Bybelskool: Dr De Wet Saaiman**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 22 TOT 28 JUNIE 2026

**Vrydag 26 Junie**
Skole Sluit

## DIENSBEURTE SONDAG 28 JUNIE 2026

- Geen Kleuterkerk tydens die skoolvakansie nie
- Geen Kinderbediening tydens die skoolvakansie nie
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 23 – Oudl. Janie Steyn
- Diakonale Diensbeurt: Groep 3
- Geen Tee/Koffie tydens die skoolvakansie nie
- Geen Katkisasie tydens die skoolvakansie nie

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

**22 Junie**

- Sr Alet Steyn (072 143 1957) Wyk 32

**23 Junie**

- Sr Frances Labuschagne (084 409 9553) Wyk 37

**24 Junie**

- Sr Esther Coetzer (082 442 4860) Wyk 32
- Sr Sophia Kruger (082 454 7757 ) Wyk 32
- Sr Ina Minnaar (011 768 2691) Wyk 4

**28 Junie**

- Sr Veronica Coetzee (082 864 2416) Wyk 40

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

**23 Junie**

- Br Heepko van Kaam (082 606 0473) Wyk 2

**24 Junie**

- Sr Adine van Schalkwyk (084 250 2806) Wyk 42

**26 Junie**

- Br Frikkie Jv Rensburg (083 415 5741) Wyk 26
- Br Louis Nel (082 927 5246) Wyk 8

**27 Junie**

- Sr Carien du Plessis (072 797 5735) Wyk 30
- Br Paul Swanepoel (078 513 1817) Wyk 42

**28 Junie**

- Sr Nerita Coetzee (082 441 4165) Wyk 8

**28 Junie**

- Br Pieter Erasmus (082 377 7048) Wyk 8

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik**

**23 Junie**

- Dr André en sr Hettie Grové (083 306 0123) Wyk 31 met hul 58ste herdenking

**25 Junie**

- Br Len en sr Rina Dubery (083 301 6547) Wyk 23 met hul 54ste herdenking.

**26 Junie**

- Br Shaun en sr Suzaan Alberts (082 668 1772) Wyk 19 met hul 11de herdenking.

**<u>Lief en leed:</u>**

- Ons maak met leedwese bekend die afsterwe van sr Annatjie Lourens. Ons gebede is saam met br Faan en die kinders. Mag die HERE julle vertroos, versterk en in sy liefde omvou. Die troosdiens sal Vrydag 26 Junie om 12:00 in die Kerkgebou plaasvind.
- Ons doen voorbidding vir br Francois Joubert (073 894 2058) Wyk 28 wat geval en sy bekkenbeen gebreek het. Hy word tans in die Netcare Krugersdorp Privaathospitaal versorg. Ons bid hom sterkte en seën toe.
- Ons het verneem dat br Willie Badenhorst (083 266 6936) Wyk 25 vir ’n geruime tyd in die hospitaal versorg was en weer Donderdag terugkeer het na Moria. Mag die HERE hom in sy kragte versterk.
- Br Ben Verhoef (083 325 0728) Wyk 5 het ’n prosedure in die Wilgeheuwel Hospitaal ondergaan en sterk tans weer tuis aan. Beterskap en spoedige herstel word hom toegebid.
- Ons doen voorbidding vir br Jan Vorster (063 636 3396) Wyk 39 wat geopereer is in die Wilgeheuwel Hospitaal en tans steeds daar behandel word. Sterkte en seën word hom toegebid.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 14 Junie 2026**

R 1627.00 Oggend: Barmhartigheid
R 972.00 Oggend: Deure/ Kerkkas
R 128.00 Aand: Barmhartigheid
R 120.00 Aand: Deure/ Teol.stud

**SnapScan: 14 Junie 2026**

R 290.15 Oggend: Barmhartigheid
R 299.83 Oggend: Deure/ Kerkkas
R 38.68 Aand: Barmhartigheid
R 145.07 Aand: Deure/ Teol.stud

## *Forum uitstappie 29 Mei 2026*

The Diner personeel groet op hulle gebruiklike vriendelike manier. So begin ons kuier op n positiewe noot. Daar is weer lang tafels vir ons gereed gekry. The Diner maak ons tuis. Nou kan die kuier in alle erns begin.

Die nuwe lede, Stefanie en Christa, kan seker getuig hoe lekker ons groep saam kuier. Julle is baie welkom! Leenster vra vir voorbidding vir ons lede wat ongesteld is. Ons dink veral aan Rina van Aswegen, Manie Erasmus en Ria Mulder. Dit is goed om Salome Diederiks weer by ons te hê, breisak aan die hand. Leenster gee aan ons die goeie nuus dat ons Augustus in die Kerksaal bymekaar gaan kom en getrakteer word op háár bobaas kos. Mensekinders, hier kom ŉ fees! By dieselfde geleentheid gaan daar ŉ paar interessante en ook belangrike sake bespreek word. Gé Vermeulen gaan ons inlig oor die lewende testament en ander verwante sake. Kom kuier saam, eet en word wys, dis nou ŉ winskopie.

Een keer ŉ jaar ondersteun ons Forum lede een of ander behoeftige saak. Die jaar wil ons ons kerk se eie koskas aanvul. Leenster vra dat ons nie-bederfbare voedsel items saambring met ons Augustus kuier. Basiese items soos koffie, tee, langlewe melk en blikkieskos. Suiker om die lewe ŉ bietjie soeter te maak. Kom ons laat daardie koskas uit sy nate bars!

Ons het weereens lekker gekuier en geëet by Diner; dié keer was daar genoeg borde om ons almal so vinnig moontlik gelyktydig te laat smul aan ŉ heerlike ontbyt. Hulle aartappelskyfies is darem bobaas. My groot lekkerkry was om na jare weer ŉ bottel HP-sous te sien en my eiers op te kikker. Toe ons dink die lekkerkry is verby, word ons verras met ŉ heerlike sjokoladepoeding. Dankie, Diner!

Ek is seker aan elke tafel was daar ŉ bietjie wysheid van die grysheid.
Ons nuwe lid, Christa du Plessis, vertel van haar oupa wat verseg het om broccoli te eet. As die oneetbare groentetjies wel op sy bord beland het, het hy dit geskuif na ŉ eensame spasie in die middel van sy bord terwyl hy smul aan die res van die kos op sy bord. By navraag oor hoekom hy nou so stief is teenoor die ou groen boompie, het hy in alle erns aangehaal uit die Bybel: van al die bome in die tuin mag jy eet maar van die boom in die middel mag jy nie eet nie.

Graag bedank ons almal wat van ons uitstappies so ŉ sukses maak: Leenster wat ons lewens so verryk. Ons kan net opreg dankie sê omdat jy so onbaatsugtig altyd sorg dat alles klopdisselboom verloop. Baie dankie, Leenster. Ons bid jou ŉ goeie ruskans toe. Ons sien uit na ŉ smaaklike Leenster-kos Augustus byeenkoms. Ons waardeer die mense wat help met vervoer. Julle is sulke steunpilare, altyd bereid om te help.
Dit was dan die kuiers totdat die winter hopelik al op pad uit is.

Ek hoop dat die griep en ander narighede ons almal sagkens sal behandel totdat ons weer ontmoet.
Groete, Martha Wynn.

## *Hoe gee ek my kerklike bydraes?*

- Direkte betaling - Direk in die bankrekening van die kerk via internet (EFT) of ŉ aftrekorder:
  Bank: FNB tjekrekening; takkode: 250655; rekeningnommer: 62876026511
- Koevert – plaas die koevertjie in die kollektesakkie of in die kassie wat daarvoor by die deure aangebring is. Koeverte is agter in die kerk en in die konsistorie beskikbaar.
  Gebruik asseblief u lidmaatnommer saam met u naam en van wanneer u betalings maak. Spesifiseer spesiale bydraes en kollektes waar toepaslik.
- Debietorder – Debietorders word maandeliks deur die kerkkantoor van u bankrekening verhaal. Aftrekorder-vorms is in die konsistorie of by die kerkkantoor beskikbaar.
- SnapScan en PayPal – bydraes en kollektes kan ook afgedra word deur die toepaslike QR-kode te gebruik.

## *By God: geen kortpad, maar die regte pad (3)*

### Paulus

Verlede week het ons gesien hoe die Here 'n ompad met Job en Dawid geloop het. Nog 'n voorbeeld waar God 'n *lang* pad met iemand gestap het, maar die *regte* pad, is Paulus. Die Here laat toe dat daar *'n doring in die vlees* Paulus teister.

- Ons weet nie presies wat dít was nie, maar hy noem dit self *'n boodskapper van die Satan wat hom met vuishoue slaan* (2 Kor. 12:7).
- Paulus bid dat die Here dit van hom af moet wegvat.
- Maar die Here se antwoord is *nee*.
- Die Here wil vir Paulus iets anders in hierdie hele proses leer.

- **2 Korintiërs 12:8-10**: "*Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. Sy antwoord was: 'My genade is vir jou genoeg.* ***My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is****.' Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem,* ***sodat die krag van Christus my beskutting kan wees****. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus,* ***want as ek swak is, is ek sterk****.*"

Die lang pad wat die Here Paulus laat loop het, was: 'n paar keer in die tronk, 'n paar keer op 'n skip wat gesink het, verskeie kere is hy gegésel met 'n kats, hy is deur sy eie mense (die Jode) vervolg. Maar met al hierdie beproewinge wou die Here vir Paulus leer:

- Ek wat God is, is sterk. En jy wat Paulus is, is swak.
- En jy kan maar swak wees, want Ek *is* nie maar net sterk nie. Nee, Ek is *in jou lewe* sterk. Daarom kon Paulus in **Filippense 4:13** dit so pragtig neerpen: "*Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.*"

Sien u: God loop nie met jou 'n kortpad nie, maar die pad van geloofsverdieping en perspektief verruiming. Dié pad waar jy naby aan Hom lewe.

- **Jesus Christus**

Jesus lewe is nie maar net nog 'n voorbeeld nie – op gelyke vlak met dié van 'n mens nie. Wat God met Hom laat gebeur het, is 'n heilsfeit.
Ook Christus het geen kortpad na die hemel in hierdie lewe geken nie. Sy lewe was deur die ergste verguising gekenmerk. Hy is deur die donkerste dieptes:

- Hy is in 'n stal gebore en ‘n krip was sy wiegie.
- Josef en Maria moes vroeg in sy lewe al met Hom na Egipte toe vlug.
- Hy is in sy gesig gespoeg en die heidene het met Hom die spot gedryf.
- Baie Jode wou nie in Hom glo nie.
- Sy eie mense in Nasaret wou Hom doodmaak. En uiteindelik hét die Jóde Hom in Jerusalem tot die dood veroordeel, en die Romeine het dié vonnis aan die kruis voltrek.

Só moet dit volgens God se raadsplan gaan, want Christus het vir ons met sy lyding die pad na die ewige saligheid gebaan.

- Hoe het Jesus nie in die tuin van Getsemane gebid nie – **Matteus 26:39**: “*My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil*.”

Die pad na die ewige lewe, na die eintlike Kanaän loop deur die dood heen, loop deur die afsterwing van die sonde heen. En daarom was daar vir Christus geen kortpad nie om vir ons die pad terug na die Paradys toe oop te breek.

- Die pad na die Paradys toe was 'n pad vol sweetdruppels wat soos bloed geword het.
- Dit was die heel langste en steilste pad wat daar is.
- Die pad op na die Golgotaheuwel.
- Die pad oor die deur-God-vervloekte kruis.

*****************************

Die teks leer ons:

> *“Toe die farao die volk laat trek het, het God hulle nie die pad na die land van die Filistyne toe laat vat nie, hoewel dit die* ***kortste*** *was...God (het) die volk met 'n* ***ompad*** *laat gaan, met die woestynpad in die rigting van die Rietsee.*”

Kan jy jou indink wat Israel alles sou gemis het as hulle met die kortpad na Kanaän toe gegaan het, en nie deur die woestyn nie?

- God se **trou** teenoor hulle, die **geduld** wat Hy met hulle aan die dag gelê het.
- Al die **wonders** wat Hy gedoen het: water uit 'n rots, kos uit die hemel, hulle skoene en klere het vir al die jare in die woestyn nie geslyt nie, die Rooi See en die Jordaan wat voor hulle oop gaan.
- Hy maak hulle **gesond** as die slange hulle byt, en vir Mirjam **genees** Hy van haar melaatsheid.

- Toe die 12 verspieders Kanaän gaan verken het, aanvaar die Israeliete die 10 se verslag, die meerderheid, wat 'n negatiewe berig bring. Maar God werk met die 2 se verslag. Hulle leer daaruit dat God nie koppe tel nie. Hy werk baie keer met minderhede. En bowendien laat God nie sy planne vaar as gevolg van mense se kleingeloof nie.

Jou hartseer, jou stukkend-wees, jou verlangens, jou eensaamheid, jou swak-wees, jou veronreg-voel – dis nie 'n kortpad nie. God ken nie so iets soos 'n kortpad nie.

- Maar sy pad is altyd die regte pad, *sy unieke regte pad – pasgemaak net vir jou*. Die pad waarop Hy vir jou lief is en goed is – en net die beste beskik.
- Dit is die pad waarop Hy vir jou 'n Herder is en jou by die beste weiding uitbring.
- Dié pad vol belemmeringe is die pad waarop God jou in jou geloof wil laat groei. Dit is die pad waarop jy by die heerlike wete van **Psalm 31:3** kan kom:

  “U is my eewge rots, o HERE!
  Diep in u veil'ge sy
  sal ek genestel bly.”
  – André Grové

## *Gedagte vir die week*



En ek het die hele skepping – in die hemel, op die aarde en onder die aarde,
op die see, en alles wat daarin bestaan – hoor uitroep:
"Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die sterkte, vir ewig en ewig."
Openbaring 5:13

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

## *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**2026 Jaartema: Die Jaar van God se genade**
**Kwartaaltema: Hemelvaart en Pinkster**

**21 Junie**
Oggend: Dr De Wet - Doop – Die HERE vergeet nie dié wat Hom aanroep nie! 1 Samuel 1 (T = 1 Sam. 1:19c).
Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

**SKOLE SLUIT (26 JUNIE)**

**28 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)**
Oggend: Ds Jannie van der Schyff - Pinkstertyd – Ag, was almal maar vol van die Gees! – Numeri 11:4-35 (T = Numeri 11:29)

**5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)**
Oggend: Besoekende/Ander predikant

**12 Julie (Geen aanddiens)**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

**19 Julie (Geen aanddiens)**
Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (21 Julie)**

***Reddersburg Kersfees in Julie***













